

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



GRAIN SA
GRAAN SA

MEI
2015

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende boere

Lees Binne:

- 04 | Optimale toerusting
– regverdigbare meganisasie
- 06 | Omnia se
Boereontwikkelingskema
- 08 | Wees voorbereid vir die
bywoning van 'n CCMA verhoor

KONTRAKTERING... stof tot nadenke

Ons het almal al gehoor van die frase “boere is prysnemers en nie prysmakers nie”. By byna al die ander bedrywe word die koste van 'n organisasie bepaal deur die verkoopprijs van sy produkte.

Boere het geen sê in die verkoopprijs van hulle oeste nie. Kunsmis, saad, chemikalieë, diesel en die koste van meganisasie eskaleer dramaties elke jaar – sonder enige invloed op die prys van graan.

Opkomende boere word verder erg beperk met betrekking tot befondsing vir meganisasie – gegewe die feit dat baie net toegang tot klein stukkie grond het. Hoe kleiner die hektare, hoe duurder raak dit om te meganiseer (per hektare). Befondsing instellings, insluitende die regering, moet die vermoë om lenings terug te betaal, asook die nakoming van gesonde finansiële sakepraktyke, ernstig in oorweging neem. Dit is een van die grootste uitdagings wat opkomende en kleiner ontwikkelende boere in die gesig staar.

Nog 'n “bedryf” wat daarom na vore gekom het – **kontraktering**. Sommige kontrakteurs is self boere wat bure help nadat hulle self eers hul eie lande bewerk het. Sommige boere het hul kernbesigheid na kontraktering omgeskakel. Entrepreneurs het ook besighede begin vestig vir die uitsluitlike doel van kontraktering, met groot beleggings in meganisasie. Die risiko's betrokke by kontraktering is veel minder in vergelyking met wat die boer het om te hanteer.

Kontrakteurs speel 'n noodsaaklike rol in die landbou. Daar is egter 'n gevaar dat die tariewe vir kontraktering buitensporig kan word – buite bereik vir baie boere. **Kontrakteurs moet waak teen “pap skep terwyl dit reën”**. Op die oomblik wissel die tariewe per hektare drasties van provinsie tot provinsie. Dit is verstaanbaar vir die strooppes, met verskillende opbrengste in verskillende reënvalgebiede, maar behoort nie vir bewerking, plant en bespuiting, waar die opbrengs geen effek het, geldig te wees nie.





OUMA JANE SÊ...

Boerdery is 'n ingewikkelde besigheid en ons leer voortdurend. Die aanhaling van hierdie maand is so waar – basies dat ons moet leer uit foute uit die verlede en nuwe foute maak (indien ons enigsins foute gaan maak). Indien ons voortgaan om dieselfde foute te maak sonder om daaruit te leer, sal ons nie vinnige en goeie vordering maak nie.

Ek het onlangs die voorreg gehad om verskillende boere in Mpumalanga, Oos-Kaap, Vrystaat en KwaZulu-Natal te besoek – van die een hektaar boere tot die wat meer as 500 ha plant. Die boere wat vorentoe beweeg is die wat leer uit foute uit die verlede (of foute van ander) en strewende daarna om elke jaar te verbeter. Boerdery bly uitdagend omdat elke seisoen verskil van die vorige, dus weet jy nie wat om te verwag nie. Die wat egter vordering toon, maak seker dat hulle alles binne hul vermoë doen om perfekte te bereik – goeie grondvoorbereiding, aanplant van goeie saad teen die korrekte spasiëring om die korrekte plantestand te verseker, bemesting van die gewas volgens die aanbevelings, spuit vanaf voor-opkoms totdat die gewas veilig is, raad aanvaar oor bemarking, versorging van implemente en etiese handelspraktyke.

Ongelukkig sal daar altyd mense wees wat probeer kortpaai en dit is maklik om hulle te identifiseer – die lande is vol onkruid, die kleur van die plante is nie gesond nie en die plantestand is te hoog of te laag. Ongelukkig is daar ook die wat dink dat hulle onetiese finansiële transaksies kan doen en nie uitgang word nie. Daar is net een manier om vooruit te gaan in die lewe en dit is deur die regte gedagtes te dink, die waarheid te praat en die regte aksies te neem – op die ou end betaal dit en jy kan 'n suksesvolle persoon van integriteit wees. Jy sal gerespekteer word vir jou pogings en jou waardes.

Dit is tyd om die vrugte te pluk van die afgelope seisoen. Ek het groot empatie met daardie boere in die westelike dele wat 'n swak oes het – my gebed vir julle is dat julle in staat sal wees om weer te plant en 'n goeie oes volgende jaar het. Die wat 'n goeie oes het – geniet dit en onthou asseblief om iets weg te sit vir volgende jaar. Om geld te leen, behoort jou laaste uitweg te wees – dit is beter om alles uit jou eie fondse te doen sodat jy ten volle in beheer is.

Sien jou by NAMPO! 🍀

Kontraktering...stof tot nadenke

Geringe variasies met betrekking tot grondtipes kan verwag word, maar nie tot die mate wat tans gesien word nie. Die vryemark stelsel sorteer gewoonlik sodanige uitsonderings met verloop van tyd uit, maar ongelukkig nie voordat daar slagoffers aan beide kante – boer en kontrakteur, is nie.

Dit is baie moeilik om 'n standaard maatstaf per hektaar te bepaal. Daar is baie faktore wat elke besigheid van mekaar onderskei. Die grootte, ouderdom en die koste van trekkers en implemente wissel vir elke kontrakteur – net soos elke kommersiële boer se meganisasie en kostestruktuur verskil van die volgende. Variasies in hektare beïnvloed die vaste koste per hektaar vir trekkers en implemente. Elke kontrakteur het ook sy eie unieke oorhoofse struktuur. (Een voorbeeld – verskillende grootte trekkers en verskillende tipes planters en stroppers vereis verskillende vaardighede – dit sal 'n impak op die rekenings hê).

Die doel van hierdie oefening is om te kyk na 'n paar scenario's ten einde te bepaal wat dit 'n boer sou kos as hy in staat was om sy eie meganisasie te bekom op die spesifieke grootte grond waarop hy boer. Dit is nie bedoel om aan kontrakteurs "voor te skryf" nie – dit is eerder 'n gedagte om oor na te dink – vir beide die boer en

kontrakteur. Hopelik sal dit dien as 'n vertrekpunt vir gedagtes en bespreking om tariewe te "normaliseer" voordat dit vir sommige te laat is.

Tabel 1 - 3 weerspieël die opsomming van koste vir 'n paar bewerkinge. Die basis van die bewerkinge wat weerspieël word, is afkomstig van die uitgebreide gedetailleerde inligting in die "Meganisasiekoste Handleiding", gedateer November 2014, wat beskikbaar is by die Departement van Landbou se webwerf, www.daff.gov.za. (Verwysing na hierdie webwerf word gedoen in die ARC-LNR Mielie Inligtingsgids 2014, met voorwoord deur dr J Le Roux. Dit dien as 'n standaardpunt van verwysing ten einde eenvoudigheid en volledigheid daar te stel.

Die tabelle sluit die volgende in en uit: Die lewensduur van trekkers veronderstel 12 000 uur te wees en implemente 2 500 uur tot 3 000 uur, met 'n jaarlikse gebruik van ongeveer 1 000 uur en 250 uur onderskeidelik (ongeveer 10 jaar).

Brandstofpryse is nie ingesluit in hierdie bewerkinge nie, aangesien die olieprys baie wisselvallig is en die meeste kontrakteurs prys per hektaar kwoteer, brandstof uitgesluit. Salariesse is nie ingesluit nie.

Vaste koste sluit in depresiasie, lisensies, versekering, asook voorsiening wat gemaak word met die veronderstelling dat die masjiene





Tabel 1: Opsomming van koste.

Trekker	Krag vereiste	Gebaseer op aankoop prys	Vaste koste/uur	Veranderlike koste/uur	Totale vaste koste/ha	Totale veranderlike koste/ha	Totale koste/ha
Ploeg	98+kW	Hoog	950 000	80,600	95,06	140,27	305,71
Wisselgang skotteleg	98+kW	Hoog	950 000	80,600	95,06	105,36	229,62
Saadbed	63+kW	Medium	650 000	55,300	63,12	33,36	71,44
Plant	98+kW	Hoog	950 000	80,600	95,06	43,90	95,68
Rygewas	63+kW	Medium	650 000	55,300	63,12	50,83	108,84
Spuit	63 kW	Laag	350 000	49,710	36,32	8,12	14,06

Tabel 2: Opsomming van koste.

Implement	Gebaseer op aankoop prys	Wydte in meter	Spoed in km uur	Area in meter	Area in meter teen 85% effektief	Hektaar/uur	Uur/hektaar	Vaste koste/uur	Veranderlike koste/uur	Totale vaste koste/uur	Totale veranderlike koste/uur	Totale koste/uur
Ploeg	7 tand bytelploeg	80 000	2,6	2,6	6 760	5 746	0,575	1,740	50,35	16,72	87,63	116,72
Wisselgang skotteleg	26 disk HD	160 000	3	3	9 000	7 650	0,765	1,307	95,94	38,25	125,41	175,41
Saadbed	6,5 m 25 tand	160 000	6,5	3	19 500	16 575	1,658	0,603	130,39	86,04	78,67	130,58
Plant	6 ry, 9 m	395 000	5,4	4	21 600	18 360	1,836	0,545	340,91	181,21	185,68	284,38
Ry gewas skoffel	6 ry	80 558	3,2	4	12 800	10 880	1,088	0,919	48,50	32,22	44,58	74,19
Spuit	12 m	45 715	12	6	72 000	61 200	6,120	0,163	45,87	15,24	7,50	9,99

Tabel 3: Opsomming van koste.

Totale koste	Trekker koste/ha	Implemente koste/ha	Totale koste/ha	Kilogram mielies benodig per/ha teen R2 300/ton
Ploeg	305,71	116,725	422,43	183,67
Wisselgang skotteleg	229,62	175,412	405,03	176,10
Saadbed	71,44	130,576	202,02	87,84
Plant	95,68	284,379	380,05	165,24
Rygewas bewerking 6 ry	108,84	74,191	183,03	79,58
Spuit	14,06	9,985	24,04	10,45

teen 9,5% per jaar gefinansier word. (Waardevermindering is 'n voorsiening wat gemaak word vir die vervanging van die masjien oor sy lewensduur, minus 'n residuele (herverkoop) waarde van 10%. Met ander woorde, 90% van die koste van die masjien word oor 'n periode van meer as tien jaar afgeskryf.

Veranderlike koste sluit herstelwerk en onderhoud in. Die "gids" verduidelik dat dit moeilik is om kostes te bepaal, aangesien daar so baie variasies is wat in ag geneem moet word. Die syfers is gebaseer op 'n standaard persentasie van die koste.

Hopelik bied hierdie vir beide boer en kontrakteur "stof tot nadenke."

Die winsmarges op klein plase is so gering. Boerdery gaan oor passie, geloof en onvermoeide

toewyding – dit is nie 'n "vinnige rykword" besigheid nie, alhoewel dit goed sou wees indien boere 'n redelike bestaan uit hul pogings kon maak sonder om verder uitgebuit te word omdat hulle nie oor die vereiste meganisasie beskik nie.

Laat ons almal saamwerk, mekaar help en die regte balans vind – ter wille van mekaar, ter wille van die landbou, ter wille van voedselsekureit en ter wille van ons geliefde Suid-Afrika. 🍷

Artikel verskaf deur Raymond Boardman, boer en mentor van Ventersdorp, Noordwes Provinsie. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na rhboardman@gmail.com.



OPTIMALE TOERUSTING

– *regverdigbare meganisasie*

Die verkryging van landboumasjinerie en toerusting moet op 'n verstandige en verantwoordelike wyse gedoen word. Dit is geheel en al 'n sakebesluit wanneer jy 'n nuwe stuk toerusting vir jou boerdery aankoop.

Wat jy koop, moet gebaseer wees op 'n aantal belangrike faktore; A) het jy dit nodig; B) is dit geregverdig deur die grootte van die grond wat jy bewerk; C) kan jy dit bekostig; en D) sal dit jou boerdery verbeter en groei. Aankoop van plaastoerusting moet nie 'n oorhaastige besluit wees nie, maar eerder 'n versigtig oorwoë besigheidskuif. In hierdie artikel sal ons die basiese beginsels by die aankoop van masjinerie wat geskik is vir jou spesifieke behoeftes, behandel.

Dit is baie aantreklik om te kyk na nuwe masjinerie wat blink en modern is, so aantreklik dat ons selfs kan oorweeg om die item aan te koop. Dit moet egter nie dit wees wat 'n besluit dryf nie. Oorweeg die volgende faktore voordat 'n besluit geneem word:

Het jy dit nodig?

Koop slegs indien jy die toerusting nodig het. Indien jy gewasboerdery beoefen, is daar geen punt in die koop van hooiproduksie toerusting nie. Ja, daar mag voordele wees in terme van die maak van voerbale van oesreste, maar dit is nie noodsaaklik vir gewasproduksie nie. Spaar eerder daardie kapitale uitleg vir iets wat werklik nodig is, soos 'n spuit of planter. Oorweeg wat jy het. As daar 'n planter in jou stoor staan, sal jy net 'n nuwe een benodig indien daardie een nie meer doeltreffend funksioneer nie. Versorg en hou al jou toerusting in stand, sodat jy kan verhoed dat waardevolle kapitaal in masjinerie belê word. Daar kom altyd 'n tyd om masjinerie op te gradeer, maar dit moet gedoen word met deeglike oorweging.

Is dit geregverdig deur die grootte van die grond wat jy bewerk?

Jy het nie 'n agt ry planter nodig as jy net drie hektaar mielies gedurende die seisoen gaan plant nie. Dit is uiters belangrik om jou beperkinge te ken. Indien jy tussen een en drie hektaar bewerk, kan jou hele operasie gedoen word deur die gebruik van slegs handtoerusting.

Die volgende is die toerusting wat jy moet gebruik: Handplanters, rugsakspuite, kruitkuns- mistoediens en handskoffels vir onkruidbeheer. Die enigstewerk waarvoor jy 'n trekker mag benodig,



Gebruik toerusting wat die beste by jou behoeftes pas.



Kyk na jou toerusting en hou hulle in stand.



Herstel jou planter en maak seker dat hy perfek werk.

is voor-seisoen dis. Indien jou operasie tussen drie hektaar en 100 hektaar is, sal jy 'n paar klein implemente moet hê, soos 'n klein planter, 'n driepunt spuit, 'n kunsmisstrooier en natuurlik 'n klein trekker. Selfs vir hierdie grootte grond is al die toerusting nie geregverdig nie. Jy kan gebruik maak van kontrakteurs om jou lande te stroop, omdat die aankoop van 'n stroper vir so 'n klein stukkie grond nie die moeite werd is nie.

Daar is baie goeie voorbeelde van kleiner boere wat koöperasies stig om te voorkom dat groot toerusting alleen aangekoop word. Hierdie metode werk baie goed as dit reg bestuur word.

Boere span saam om 'n trekker of planter te finansier en al die lede het gebruik daarvan gedurende die plantseisoen. Dit is belangrik om 'n program te beplan voordat die seisoen begin. Dit moet 'n uiteensetting gee van die orde waarin dit gebruik gaan word. Alle lede moet hou by die program.

Indien jy 150 hektaar en meer bewerk, is dit regverdigbaar om sekere stukke van jou eie toerusting aan te koop. Jy moet nog steeds kontrakteurs gebruik vir sommige van die groter take, soos stroop. Jy moet egter verseker die noodsaaklike toerusting bekom.

Kan jy dit bekostig?

Dit is altyd een van die grootste vrae om te vra. Maak seker dat jy weet dat jy dit kan bekostig. Handelaars sal gewoonlik probeer om dit vir jou moontlik te maak om die toerusting te kan bekostig. Ek stel voor dat jy nie enige residuele paaimeente of ander nadelige finansieringsopsies gebruik wanneer dit kom by die aankoop van 'n nuwe stuk toerusting nie. Dit kan jou laat met 'n hoop skuld aan die einde van die finansieringstydperk. Koop slegs toerusting indien jy dink dat jy dit kan betaal, nie die bank of die handelaar nie.

Sal dit jou besigheid laat groei en verbeter?

Die verkryging van nuwe toerusting moet altyd iets toevoeg tot jou besigheid. Jy moet die masjien self afbetaal. Indien jy jou planter van 'n 4 ry na 'n 6 ry planter opgradeer, sal jy in staat wees om meer hektare in die dieselfde hoeveelheid tyd te plant. Daarom moet jy kyk vir meer hektare om te plant om jou besigheid te laat groei en jou nuwe planter vinniger af te betaal. Miskien kan jy nou jou werk vinniger gedoen kry, wat sal toelaat dat jy jou toerusting kan gebruik om kontrakteurswerk te doen wat ook sal help om jou uitleg te dek. Hoe vinniger jou masjien afbetaal is, hoe vinniger kan dit begin om werklik geld vir jou te maak.

Die aankoop van toerusting is onvermydelik in die boerderywêreld, maar dit moet geregverdig wees. 'n Wonderlike platform om te leer oor nuwe toerusting en masjinerie is die NAMPO Oesdag jaarliks naby Bothaville in die Vrystaat. Tydens hierdie uitstalling sal jy alles van klein tot groot vind. Daar is fisiese demonstrasies op die land om vir jou 'n goeie idee te gee hoe die toerusting werk. Dit kan selfs 'n goeie plek wees om kwotasies te kry en aan te koop, omdat daar baie afslag en spesiale aanbiedinge op NAMPO is. 🌱

Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.

Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

"Success does not consist in never making mistakes, but in never making the same one a second time".

~ Josh Billings



Omnia se Boereontwikkelskema

Onproduktiewe landbougrond weens onproduktiewe boerderystelsels is 'n direkte terugslag vir landelike ontwikkeling en agribesigheid oor die algemeen

Oor die algemeen beskik Suid-Afrika oor lae landboupotensiaal vergeleke met ander landbou mededingende lande, daarom is dit uiters noodsaaklik dat die beskikbare landbougrond effektief en doeltreffend benut word. Volgens die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming is vanaf 1994 tot 2012 6,971,293 hektaar landbougrond oorgeplaas na swart opkomende boere (en ander algemene nie-boerdery begunstigdes), alhoewel en teleurstellend slegs 'n marginale aantal van die begunstigdes betrokke by agribesigheid is.

In 'n onlangse artikel (Februarie 2015), deur ene Dr Anthea Jeffrey van die Instituut vir Rasseverhoudinge, word Mondli Makhanya in 'n 2009 artikel aangehaal; "Die meeste mense wil nie grond hê om op te boer nie. Ten spyte daarvan dat ek geteer en geveer kan word deur ideoloë, sal ek dit waag om te sê dat Suid-Afrikaners min belang by grond het...Moet ons soveel energie en moeite op die herverdeling van grond bestee wanneer die instink van landelike Suid-Afrikaners eerder is om na stede te beweeg en werk te soek en daar opgang te maak?"

Makhanya se analise is kragtig bevestig in 2013 toe die amptelike syfers getoon het dat **slegs sowat 8% van ongeveer 76 000 suksesvolle grondeisers** gekies het dat hul grond aan hulle terugbesorg word. Die oorblywende 71 000, of sowat (92%), het kontant vir hulle grond verkies.

Volgens Minister Nkwinti se eie erkenning, het tussen 73% en 90% van die grondhervormingsprojekte misluk. Anders gestel, wat hierdie mislukking beteken is dat die regering tot dusver bykans R30 miljard spandeer het op die oordrag van 7 m hektaar kommersiële landbougrond, waarvan die meeste nie meer in produktiewe gebruik is nie.

'n Duidelike prentjie is nou dat meer grond aan nuwe eienaars in die toekoms oorgedra gaan word en dat die agrigemeenskap 'n werkende situasie in die sektor te weeg sal moet bring indien ons besigheidsgroei wil verwesenlik. Die inhouding van plaasgrond wat aan kleinskaal boere behoort, gaan nog steeds 'n redelike lang tyd neem voordat baie groot plase gekonsolideer gaan word in besighede van sinvolle ekonomieë van skaal. Dit sal tot 'n mate 'n impak hê op die wyse waarop sake gedoen word vir die meeste insetverskaffers, insluitend ons by Omnia.

Navorsing oor die omvang van die finansiële verlies gerealiseer deur veral landbou insetverskaffers en spesifiek kunsmisverskaffers weens herverdeling van produktiewe grond wat tot onproduktiwiteit aanleiding gegee het, is beperk en bestaan feitlik nie. Dit is egter belangrik om daarop te let dat finansiële verliese reeds waargeneem word as gevolg van verlaagde kunsmis aanvraag in ander gebiede, aangesien voorheen hoogs produktiewe grond nie meer produktief is nie. Dele van Noord-KwaZulu-Natal (Vryheid), toon reeds sulke tekens.

Dit kan ook beskou word as logies dat enige verlies aan produktiwiteit op huidige produktiewe lande sal lei tot stagnasie in plaasproduktiwiteit, met 'n bykomende laer vraag na landbouinsette. Betrokkenheid van die besigheidsektor by opkomende boere moet dus nie net gesien word, of beperk word tot 'n ontwikkelingsonderneming nie, maar moet deel wees van 'n besigheidstrategie doelwit. Gevalle van ineenstorting aan die insetverskaffer kant in ander dele van die vasteland is goed gedokumenteer as gevolg van gronduitruiling tussen gevestigde boerderystelsels en nuwe boere; Zimbabwe is 'n geval nader aan ons.

Politieke faktore is onder die mees strategiese relevante komponente van die groter omgewing wat vandag se plaaslike landboubesigheid in die

gesig staan. Die skandering van die makro-omgewing en veral die indirekte impak van politieke faktore soos grondhervorming en herverdeling van grond op maatskappy basis as gevolg van moontlike verlore inkomste as gevolg van produktiewe landbougrond wat onproduktief raak, is 'n strategiese reaksie wat herverdeelde landbougrond in produksie hou van die uiterste belang en die sleutel tot die behoud van oorblywende mededingende rolspelers in die bedryf se waardeketting.

Omnia skema

Omnia kunsmis, deur ons produkaanbieding en ons leuse: "Die skep van kliëntewaarde deur oordra van kennis", is formeel meer as nege jaar betrokke by opkomende boere as 'n tussenganger vir befondsing en ook met verskaffing van mentorskap ondersteuning, sowel as skakeling met besigheidsondersteuning binne die agribesigheid waardeketting.

Omnia verkoop nie finansiering nie, maar ons gebruik ons bedryfsposisie om befondsing in boereontwikkelskemas te lok as 'n bewys van Omnia se verbintenis tot die sektor. Tans hanteer Omnia 'n kommersiële befondsing (lening) skema wat 22 000 ha dek, versprei oor Noordwes, Vrystaat, Mpumalanga, Gauteng, Oos-Kaap en Limpopo (vanaf 'n 5 000 ha skema nege jaar gelede). Die sukses van hierdie groei word toegeskryf aan deurlopende mentorskap ondersteuning en die gebruik van tegnologie-gebaseerde oplossings op die plaas. 🍌

Artikel verskaf deur Aron Kole, Bestuurder: Operasies en Verkope, (Nuwe Besigheidsontwikkeling) en Tshupo Maeko, Algemene Bestuurder (Nuwe Besigheidsontwikkeling), Omnia. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na KoleAKole@omnia.co.za of TMaeko@omnia.co.za.



Graan SA gesels met...

Mnr TH Tobo



Ontmoet mnr TH Tobo, 'n hardwerkende en doelgerigte boer van die Kwa Ndunge nedersetting in Bizana, wat tans met mielies, droëbone, sojabone en sorghum boer. Mnr Tobo skryf sy suksesse toe aan die Graan SA studiegroep wat hy bywoon. "Bewaar die grond sodat dit ons kan bewaar," is die raad wat mnr Tobo aan jong opkomende boere wil gee.

Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek boer in die Kwa Ndunge nedersetting in Bizana op grond wat deur die stamhoof beskikbaar gestel is. Tans (2014 - 2015 seisoen) het ek 10 ha van die volgende geplant: 8 hektaar mielies, 1,2 hektaar droëbone, 0,4 hektaar sojabone en 0,4 hektaar sorghum. Ek hoop om die hektare gedurende die 2015 - 2016 seisoen te vergroot met graangewasse.

Wat motiveer/inspireer jou?

Daar is 'n reël wat sê dat 'n mens ten minste drie maaltye per dag moet hê – dit is wat my motiveer. Ek wil nie sien dat Suid-Afrikaners honger ly as gevolg van te min kos of kosskaarste nie. Wanneer ek kyk na die vrugbaarheid van die grond, inspireer dit my nog meer. Daar is lande wat nie dieselfde goeie jaarlikse reënval het nie, insluitend sekere dele van ons land.

Beskryf jou sterkpunte en swakpunte

Sterkpunte: Ek is hardwerkend en wil my doelwitte bereik.

Swakpunte: Ek is teleurgesteld indien ek nie my doelwitte bereik nie.

Wat was jou gewasopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Ek het een os slee met swak koppe per hektaar geoes, wat die ekwivalent is van 250 kg mielies vandag. Tans praat ek nie meer van kilogramme nie. Ek oes altyd ten minste 3 ton/ha tot 4,5 ton/ha. Sedert ek by die Graan SA studiegroep aangesluit het, het ek hierdie opbrengs behaal.

Wat dink jy was die hoofbydraer tot jou vordering en sukses?

Om deel te wees van die Graan SA studiegroep is een van die grootste prestasies in my sukses. Opleiding, veral die Mielieproduksiekursus, het my boerderyvisie verbreed. Gedurende daardie

“

“Bewaar die grond sodat dit ons kan bewaar.”

jare was ek nie bewus daarvan nie dat grondmonsters baie belangrik is om goeie gewasproduksie te bereik, asook om ons natuurlike hulpbronne te bewaar.

Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sal jy nog graag wil doen?

Ek het die Mielieproduksiekursus, Kontraakteurskursus en Trekker en Implemente Instandhoudingskursus voltooi. Ek sal graag meer opleiding oor soja en sorghumproduksie wil ontvang. Opleiding is nie 'n vereiste nie, dit is 'n noodsaaklikheid. Ek noem soja en sorghum, omdat dit die gewasse is wat nuut lyk in produksieareas. Dit het verdwyn gedurende die middel 70's. Ek is ook geseënd met die opleiding wat ek in 2014 voltooi het op drinkbare Sojaprodukte met die nuwe masjien wat soja verwerk.

Waar sien jy jouself oor vyf jaar? Wat sou jy nog graag wou bereik?

Ek sien myself as 'n kommersiële boer wat kwaliteitprodukte vir die land produseer. As 'n boer is my doelwit om hoë opbrengste te bereik. My hoogste doelwit is om die sojamasjien te sien as 'n leier fabriek in voedsame voedsel in die streek. Tans is dit nog in 'n beginfase waar 96 leerders gratis per week gevoed word.

Watter raad het jy vir jong opkomende boere?

My raad is om by 'n studiegroep aan te sluit, omdat dit daar is waar ons kennis met ons mentors deel. Ek wil ook hê opkomende boere moet bewus wees van grondbewaring, omdat klimaatsverandering moderne boerderymetodes vereis. "Bewaar die grond sodat dit ons kan bewaar." 🌱

Artikel verskaf deur Ian Househam, Graan SA Provinsiale Koördineerder, Kokstad. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na kokstad@grainsa.co.za.



Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERders

Danie van den Berg
Vrystaat (Bloemfontein)
► 071 675 5497 ◀ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthomboti

Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

Vakant

Mpumalanga (Belfast)

Jurie Mentz

KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ◀ ian@grainsa.co.za
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Lawrence Luthango

Oos-Kaap (Mthatha)
► 076 674 0915 ◀ lawrence@grainsa.co.za
► Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057

Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Vusi Ngesi

Oos-Kaap (Maclear)
► 079 034 4843 ◀ vusi@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8070 ◀ Sally Constable

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Wees voorbereid

vir die bywoning van 'n CCMA verhoor

In 'n vorige artikel het ons aangedui dat die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) gestig is as 'n onafhanklike, apolitiese, geskil resolusie liggaam. Die doel is om billike arbeidspraktyke te bevorder en die oplossing van arbeidsgeskille binne die werksomgewing.

Ons het ook aangedui dat werknemers gevalle van ontslag, lone, werksomstandighede, onregverdigde arbeidspraktyke, werkplekveranderinge, diskriminasie en gevalle van seksuele teistering na die KVBA kan verwys. Op die oomblik is dit opvallend dat al hoe meer mense ondersteuning van die KVBA soek waar hulle voel dat hulle verontreg is deur die werkgewer, veral in die geval van 'n ontslag.

Werkgewers moet daarom bewus wees daarvan dat die moontlikheid om by die KVBA gerapporteer te word, baie groot is. Die vraag is dan wat moet ek doen as ek gedagvaar word om te verskyn by die KVBA vir 'n verhoor. 'n Werkgewer kan op twee wyses omgaan met so 'n verhoor. As jy 'n lid van 'n Werkgewersorganisasie is, sal hulle jou dan verteenwoordig by die verhoor, of jy kan jouself verteenwoordig.

By enige van die twee moontlikhede is die sleutelaspek om voorbereid te wees. "Indien jy misluk om voor te berei, beteken dat jy voorberei om te misluk", wat beteken dat jy baie skade aan jou saak kan veroorsaak indien jy, of jou werkgewersorganisasie verteenwoordiger onvoorbereid by 'n verhoor verskyn. Die strategie moet altyd wees om nie net vir die versoeningsfase voorbereid te wees nie, maar ook vir enige arbitrasie daarna. Jy moet baie seker wees dat jy 'n mandaat het om 'n werknemer weer aan te stel, of die werknemer finansiële vergoeding moet betaal.

Om deeglik voorbereid te wees, moet jou papierwerk reg wees soos vereis. Of jy jouself verteenwoordig, of verteenwoordig word deur jou werkgewer se organisasie, sal dit tot jou voordeel wees, indien die volgende beskikbaar is:

- 'n Organogram van jou besigheid;
- 'n Gedragskode vir jou besigheid wat al die reëls en regulasies insluit;
- Jou dissiplinêre prosedure en dissiplinêre kode; en
- Die persoonlike lêer van die betrokke werknemer met die aansoekvorm, dienskontrak, afskrif van ID-dokument, enige ander tersaaklike dokumente soos afskrifte van sertifikate, alle verlof dokumente, al die dokumente ten opsigte van dissiplinêre optrede, ensovoorts.

Die volgende is ook nodig:

- 'n Afskrif van die kennisgewing van die KVBA dat die saak na hulle verwys is;
- Afskrifte van enige korrespondensie tussen jou en die KVBA;
- 'n Opsomming van die opeenvolging van gebeure;
- 'n Afskrif van die notule van die dissiplinêre en appélverhoor;
- Betaalstate vir die laaste ses maande;
- 'n Afskrif van die ontslagbrief in die geval van 'n ontslag;
- Jou KVBA mandaatdokument; en
- 'n Pro-forma skikkingsooreenkoms in geval die partye skik.

Wanneer 'n saak verwys is, sal beide partye gedagvaar word om 'n vergadering by die KVBA by te woon. Indien een van die partye afwesig is, kan die kommissaris voortgaan met die saak in die afwesigheid van die een party. Maak seker dat jy al die relevante dokumente saam met jou neem. Stel 'n kontrolelys op. Maak ook twee verdere afskrifte van die belangrike dokumente, een vir die kommissaris en een vir die werknemer.

Onthou by die verhoor is dit altyd die werkgewer se verantwoordelikheid om te bewys dat die ontslag of arbeidspraktyk regverdig was. Die werkgewer is dus die verweerder. As gevolg van die aard van die funksies van die KVBA is die empatie gewoonlik met die werknemer. 'n Gebrek aan ondersteuning en bewyse deur behoorlike dokumente kan menige werkgewer duur te staan kom. Sonder behoorlike rekords straal jy 'n negatiewe beeld as 'n bestuurder uit, iets wat jy moet vermy. Selfs indien jy net een werknemer het, moet jy verseker dat jou arbeidsrekords 100% is, soos benodig.

Om suksesvol te wees, vereis die landbouomgewing van ons hedendaagse boere, ongeag van die grootte van sy/haar besigheid, om soms die 13 mm sleutel vir 'n skerp potlood te ruil. Onthou dat 'n behoorlike menslike hulpbronbeleid, plus behoorlike menslike hulpbronrekords gelykstaande is aan behoorlike bestuur van menslike hulpbronne en dus 'n groter kans op sukses het by KVBA geskille. 📌

Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.

HIERDIE PUBLIKASIE
IS MOONTLIK GEMAAK
DEUR DIE BYDRAE VAN
DIE MIELIETRUST